



Gelooftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338



Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

<https://www.volksvergadering.co.za/>

VOLKSKONSILIE VERSLAG

Ons is wêreldwyd bekend as die Boerevolk, Afrikanervolk. Ons is gebonde aan God Almagtig weens die Heilige Skrifte. Ons is van die begin af Gelooftevolk! Ons word gekenmerk deur ons geloof, ons geskiedenis en ons geloftes sedert volksplanting: Van Riebeeck [1654], Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880].

Handelinge van die 7de Volkskonsilie van die Gelooftevolk van Suid Afrika, 20-21 April 2019 te Orania Volksskool.

Die grootste waarde en doel van geskiedenis is om jou herkoms te ken, jou verlede in aanmerking te neem in jou daaglikse lewe en veral in gedagtenis te bring wanneer jy jou toekoms beplan. Hierdie Psalm stel dit baie mooi.

Hiermee die opsommings van die referate.

Tienie Dumas - Ps.78:3 Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, :4 sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het. :5 Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het—om dit aan hulle kinders bekend te maak, :6 sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, :7 en hulle vertrou op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy geboenie kan bewaar,

Ons as Gelooftevolk moet opnuut die verantwoordelikheid besef wat op ons rus om die wonders en die roemryke dade van ons hemelse Vader aan die volgende geslag oor te dra. Ons kinders moet weet dat ons as ouers en grootouers hulle in ons gebede opdra.

Ons het 'n groot bekommernis oor ons kinders in die staatskole. Hulle word blootgestel aan teenstrydige leringe soos bv. die evolusieleer en dat alle godsdienste gelykwaardig is. Die multikulturele sisteem in die staatskole skep die teelaarde om van ons kinders wêreldburgers te maak. Gesonde volkstrots word nie meer gestimuleer nie en hulle identiteit is in gevaar.

Ons kinders word nie meer die grootste wonder van al die eeue geleer, nl. dat ons hemelse Vader Sy Seun tot sonde vir ons gemaak het sodat ons kan word geregtigheid in Hom.

Ons is in 'n groot benoudheid. Ons kinders moet geleer word om nie te aanvaar dat daar geen ander uitweg is nie. Ons aanbid nog altyd die God van Bloedrivier, die God wat wonders doen sodat hulle hul vertrouwe op God kan stel en die daade van God nie vergeet nie, maar Sy gebooie kan bewaar.

Pieter Cronjé - Ps.78:36 En hulle het Hom met hul mond gevlei en Hom met hul tong belieg;

Dit getuig van 'n volk wat afvallig van haar God geword het. Prof. JCG Kotzé sê prediking in sy kerk is teologiese reukwater oor die ontbindende lyk van 'n sondige maatskappy.

Lourens Joubert - Ps.78:38 Maar Hy is barmhartig, Hy versoen die ongeregtigheid en verdelg nie, en dikwels wend Hy sy toorn af en wek nie al sy grimmigheid op nie.

Ons Hemelse Vader het meegevoel met ons en bedek ons sondes sodat Hy ons nie vernietig in Sy oordeel oor ons nie. Hy doen dit volgens vers 39 omdat Hy bewus is van die swakheid van ons vlees. Hy kan ook nie anders as om in Sy Goddelike karakter volgens Ex 34:6 barmhartig, genadig, lankmoedig en goedertieren te wees nie.

Nuwe Testamenties het versoening in ons Messias gekom deurdat Sy soendood vrede tussen die Vader en die uitverkore gelowige gebring het. Dit is ook die Geloftevolk se getuienis dat daar talle voorbeelde in ons geskiedenis is waar Sy genade alleen verhinder het dat ons in ons ongehoorsaamheid vernietig is. Ons kan maar net dink aan die vele jare wat die geloftes nie nagekom is nie en die gebrekkige wyse waarop die volk dit wel nagekom het.

Deur ons nie ons verdiende straf van vernietiging te gee nie, het Hy ons in ons swak menslikheid aangesien en genade betoon. Die mens se vleeslike behoeftes wat dikwels in die pad staan van geestelike bruikbaarheid is gewoon ook die behoefte aan oorlewing, veiligheid, om te behoort, gerespekteer te word en selfervulling te beleef. Vergifnis beteken nie dat ons vleeslikheid vir Hom aanvaarbaar geword het nie.

Ons as volk sal moet leer om ons swak menslikheid af te lê en selfsugtige begeertes prys te gee soos wat ons Hom eerste stel in ons gehoorsaamheid aan Hom. Sodoende sal ons aan Sy roeping vir ons kan voldoen.

Flip Swanepoel - Ps.78:44 En Hy het hulle riviere verander in bloed en hulle strome, sodat hulle nie kon drink nie.

Daar is verskeie parallelle tussen ons volksgeskiedenis en die geskiedenis van Israel:

1. Die rede waarom Egipte destyds met die Tien Plae getref is, was omdat die vyandige Farao nie die Israeliete na hul **Beloofde Land** wou laat trek nie. Die eerste plaag, waartydens die Nylrivier se water in bloed verander het, herinner aan die water van die Nkome rivier wat rooi geword het van die bloed van die vyandige Zoeloes wat die Voortrekkers nie hul **land Natalia** gegun het nie, waar hulle nie deur die Britse regering voorgeskryf en onderdruk sou word nie.
2. In Israel se geval het hulle na die land getrek wat God deur 'n **verbond** aan hulle beloof het en in die Voortrekkers se geval het hulle 'n **verbond** met God gesluit waarvolgens hulle 'n huis moes stig tot nagedagtenis van Sy Groot Naam in 'n land waar dit Hom behaag indien Hy die oorwinning sou besorg.
3. Israel het die wet op hul trekpad ontvang waardeur hulle **Teokraties regeer** sou word en die oorspronklike Gelofte van Bloedrivier kom neer op 'n **Teokratiese bestel** wat tot stand gebring moet word waar dit God behaag.

God het aan die nageslag van Israel [Jakob] die Beloofde Land [Kanaan] gegee en in terme van die Bloedrivier- en Paardekraal Geloftes is die Boererepublieke van Transvaal en Vrystaat deur God aan hulle gegee en derhalwe die aangewese land waar die Huis [Teokrasie] gestig moet word.

4. Moses moes Farao **beveel** om Israel uit Egipte [met sy verskeidenheid afgode] te laat trek sodat hulle God in afsondering kon dien en in Openbaring 18:4 word God se volk **beveel** om Babilon [met sy verskeidenheid afgode] te verlaat. Die Voortrekkers het ook die kolonie verlaat om onder die liberale teologie van die Britte uit te kom en in die binneland vir God tot volk te word.
5. Soos wat Israel as God se volk hul binne die **Egiptiese kultuur** bevind het, bevind God se volk hulle aan die einde van die tyd binne die **Babiloniese kultuur** wat onder andere die Christendom huisves. Dit is deel van die Nuwe Wêreldorde. God se volk kan Hom nie binne 'n multigodsdienstige bestel dien nie en moet die Babiloniese Christendom verlaat.
6. Soos wat daar in die **Egiptiese Exodus** plae ter sprake was, is daar ook in die **Babiloniese Exodus** plae ter sprake.
7. Die bevel om Babilon te verlaat impliseer 'n **gebied** waarin gevestig moet word. Die profeet Sefanje dui hierdie **gebied** aan:
Sef.3:18 Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerande bring.

Hierdie referaat is gelewer in die tyd wat die Nagmaal herdenk is, wat ook dit tyd van die tiende plaag in herinnering bring. Beide die eerste- en die tiende plaag het met bloed gepaad gegaan

Johan Cloete - Ps.78:52 Maar Hy het sy volk laat wegtrek soos skape en hulle gelei soos 'n kudde in die woestyn.

Ons God vergeef ons sondes om Homself te verheerlik. As Hy dit dan aan ons doen moet ons ons Lewenshuis so inrig dat ons nêr Hom sal verheerlik. Hy sal ons laat uittrek en ons land aan ons terug gee om Homself te verheerlik, dan mag ons niks anders doen as om Hom te verheerlik nie. Moes daar nie eerder op die sarkofaag "Aan God die eer" gestaan het nie? - Jos Cloete.

Heinrich Haveman – Ps.78:54 En Hy het hulle gebring na sy heilige grondgebied, na die bergland wat sy regterhand verwerf het.
PSALM 78 : 54

(Psa 78:54) En Hy het hulle gebring na Sy 1: heilige grondgebied, na die 2: bergland wat 3: Sy regterhand verwerf het.

Ons bevind ons oorkant die riviere van Kush en enige adamiet met 'n volks bewussyn verstaan die diepte en sien die verband wat dit hou met die Boerevolk in Suid Afrika.

Ek koppel dadelik Sefanja 3 en Jesaja 18 aan hierdie vers.

1: Heilige grondgebied dui daarop dat daar geografies 'n gebied is wat eenkant apart en afgesonder sal wees soos vasgestel in die raadsplan van Vader.

2: Bergland dui volgens my opinie op koninkryk/heerskappy (in Miga 4 word melding gemaak van Migdol skaapstoring waaraan gegee word vroeëre heerskappy)

3: Vader se regterhand is sy uitvoerende hand waaraan gesag gegee word sodat ons in hierdie dimensie dit kan waarneem en verstaan.



Laai gerus enige van die referate af in *.pdf* formaat by:

<https://www.volksvergadering.co.za/dokumente.php?sc=2019>